Geagte Belastingbetaler en Inwoner van Wyk 13

Januarie het in 'n oogwink gekom en gegaan!

TERUGVOER

Ons het onlangs 'n baie nuttige vergadering met Wetstoepassing, die buurtwagte en ons diensverskaffer gehad om te bespreek hoe om die beste saam te werk vir reaksie op, en hantering van, verskeie soorte voorvalle in die area. Ons het die moontlikheid bespreek om van tyd-tot-tyd fietspatrollies te hê asook 'n wetstoepassingsvoertuig (LE) wat die OVSAG en buurtwagpatrollies vergesel om sigbaarheid te verhoog en kriminele elemente te ontmoedig. Daar was 'n uitstekende teenwoordigheid van LE in ons wyk gedurende die feestyd, waarvoor ons baie dankbaar is.

Ons het in Februarie 'n toegewyde OVSAG-beheertoonbank aan u belowe en is baie bly om aan te kondig dat ons ons nuwe diensverskaffer aangestel het en op 1 Februarie die CCTV-voer na ons nuwe stelsel begin oorskakel het. Die rekenaarsagteware het privaatheidsmaskering om te verseker dat daar geen uitsig in mense se private huise is nie, en dit is ook in staat om ontledings te gebruik om die operateur te waarsku oor aktiwiteit gedurende die nagtelike ure, om seker te maak dat niks verdags gemis word nie. Ons het nou 'n 24/7 beheertoonbank en gewapende reaksievoertuig. U sal binnekort kan uitken watter voertuig deur ons gekontrakteer is aangesien dit voor die einde van die maand met die OVSAG-logo gebrandmerk gaan word.

Skakel 079 469 8606 om enige verdagte aktiwiteit aan te meld – maak seker dat u kan beskryf watter kleur klere die mense dra, in watter straat is hulle en in watter rigting beweeg hulle.

Ons het begin om die Wykskomitee-vergaderings by te woon en wil u graag aanmoedig om die eerste openbare vergadering vanjaar op 15 Februarie om 18h00 in die De Wet-saal by te woon.

BINNEKORT

Ons ontwikkel tans 'n model vir voetpatrolleerders, veral langs die kuspaadjie en in die groen gordels. Dit sal binne die volgende paar maande in werking tree.
Ons hou binnekort 'n ‘Meeting of Minds’ belanghebbendes-werkswinkel vir senior bestuurspanne, van al die plaaslike organisasies, om die rol van die OVSAG in die gemeenskap toe te lig, en om oorvleuelende mandate/funksies te bespreek sodat ons mekaar kan ondersteun en doeltreffend saam werk.

ONTHOU ASSEBLIEF

Maak altyd seker dat u motorhuis deur en oprithekke behoorlik gesluit is voordat u u alarm saans stel, of wanneer u van u eiendom wegry. Ons vind gereeld deure/hekke wat oop is, terwyl die inwoners salig onbewus is van die ernstige gaping in hul sekuriteit. Ons beveel sterk aan dat u u motorhuisdeure met 'n magnetiese kontakskakelaar laat toegerus.

U is altyd welkom om ons te bel, e-pos of te ontmoet indien u enige vrae, voorstelle of bekommernisse het.

Vriendelike groete

Hennie Greeff

Sekretaris OVSRA NPM




Dear Ratepayer and Resident of Ward 13

January has come and gone in a blink of an eye!

UPDATES

We recently had a very useful meeting with Law Enforcement, the neighbourhood watches and our service provider in order to discuss how best to work together for response to, and handling of, various types of incidents in the area. We discussed the possibility of having bicycle patrols as well as a LE vehicle accompanying the OVSRA and neighbourhood watch patrols from time-to-time in order to increase visibility and discourage criminal elements. There was an excellent presence from LE in our ward during the festive period, for which we are very grateful.

We promised you a dedicated OVSRA control desk in February and are very pleased to announce that we appointed our new service provider and started switching the CCTV feed over to our new system on 1 February. The computer software has privacy masking to ensure that there is no view into people’s private homes, and it is also able to use analytics to alert the operator to activity during the night hours, so as to make sure nothing suspicious is missed. We now have a 24/7 control desk and armed response vehicle. You will soon be able to recognise which vehicle is contracted by us as it is going to be branded with the OVSRA logo before the end of the month.

Call 079 469 8606 to report any suspicious activity - be sure to be able to describe what colour clothes the people are wearing, which street they are in and what direction they are moving in.

We have started attending the Ward Committee meetings and would like to encourage you to attend the first public meeting this year on 15 February at 18h00 in the De Wet Hall.

COMING SOON

We are currently developing a model for foot patrollers, especially along the coastal path and in the green belts. This will come into effect within the next few months.

We will soon hold a Meeting of Minds stakeholder workshop for senior management teams, from all the local organisations, in order to elucidate the role of the OVSRA in the community, and to discuss overlapping mandates/functions so that we can be of support to one another and work efficiently together.

PLEASE REMEMBER

Always ensure that your garage door and driveway gates have closed properly before you set your alarm at night, or drive away from your property. We often find doors open and the residents blissfully unaware at the serious breach in security. We highly recommend that you have your garage doors fitted with a magnetic contact switch.

You are always welcome to call, email or meet with us should you have any questions, suggestions or concerns.

Kind regards

Hennie Greeff

Secretary OVSRA NPC